

Inhoud Hierdie preek wys dat gelowiges die gesag van owerhede erken, nie soos regerings hul self sien of in hul self glo nie, maar soos Christus die Here is. Christus is die Here wat die kerk deur die evangelie regeer. Daarom laat die Here nie toe dat die sonde van sy kinders keer dat Hy vir hulle lief is en vir hulle goed is nie. Hy het self hul sondes op Hom geneem sodat niks hulle van God se liefde en goedheid kan skei nie. Die wyse waarop Christus die Here is van wêreldse owerhede maak dat gelowiges die gesag van owerhede aanvaar as 'n gewetensaak teenoor Christus as Here. Christus gebruik hulle met hul sonde as sy dienaars tot beswil van sy kinders. Hulle wie glo dat Christus hulle aan sy mag onderwerp het, kan nooit die gesag van heidense regerings aanvaar as 'n gewetensaak teenoor Christus as Here nie. Hulle beveg die regerings as onwettige en onregmatige owerhede in die Naam van God of onderwerp hulle net deur die dwang van hierdie regerings sonder om hul gesag te erken.

Skriflesing Romeine 13: 1-7; Romeine 8: 28 – 39; Romeine 3: 21 – 27

Teks Romeine 13: 4 “want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil.”

Tema Ons sien en aanvaar die owerheid nie soos regerings hul self sien nie maar soos Christus Here is

1. Paulus verklaar in hierdie hoofstuk wat is die owerheid se posisie in die lewe van gelowiges:

- Die owerheid se gesag om owerheid te wees, is 'n instelling van God wat God self met die gesag beklee om owerheid te wees;
- Die spesifieke regering van die dag wat die posisie van die owerheid beklee is daar deur die beskikking van God’.
- Die posisie van die owerheid is om 'n dienaar van God te wees tot beswil van die gemeenskap;
- Die mag van die owerheid is om gehoorsaamheid aan die owerheid se geag te beloon met dienswerk en lone, en om kwaad te bestraf met die middele waarmee God die owerheid toerus.
- Die uitoefening van 'n regering van die gesag van die owerheid, is die uitvoer van die opdrag van God om te regeer;
- Daarom is aanvaarding van die gesag van die regering wat God beskik het as owerheid is 'n verordening van God aan gelowiges.

2. Van watter regering en owerheid praat Paulus in hierdie gedeelte spesifiek?

Paulus het hierdie brief aan die einde van sy derde sendingreis geskryf. Hy het die brief in die gemeente van Korinte geskryf enigiets van die jaar 55 tot 59 met die doel om voorbrand te maak vir sy besoek aan die gemeente in Rome na hy Jerusalem besoek het om die kollekte van die gemeentes vir die armsorg in Jerusalem te vat.

Hy het dus hierdie brief geskryf in die regeringstyd van keiser Nero van die Romeinse Ryk.

Wie was Nero en hoe het hy as keiser regeer?

Hy het keiser geword deur die kriminele optrede van sy ma. Sy het die keiser voor hom vergiftig om vir Nero plek te maak. Hy het weer sy ma laat vermoor om haar greep op hom as keiser te breek. Sy lewe lank het Nero mense wat in sy pad gestaan het laat vermoor. Hy het homself aan vermaak en pret oorgegee en die staatskas se geld gedreineer in sy uitspattige leefwyse. Hy het die stad Rome afgebrand om plek vir sy nuwe bouprojekte te maak en toe die Christene die skuld vir die brand gegee. Hy het hulle vir die vermaak van die Romeine as fakkels laat brand en deur wilde diere laat verskeur. Dit is onder sy vervolging van Christene dat die apostel Petrus gekruisig is en Paulus onthoof is.

Dit is dan van hierdie keiser en regering wat Paulus verklaar dat die regering en keiser is 'n dienaar van Christus, hulle gesag kom van Christus, Nero self is keiser deur die beskikking van God, hulle is besig om God se opdrag uit te voer en Christene moet die keiser en die Romeinse Ryk se gesag erken.

3. Vir die gewone mens klink hierdie oproep tot die aanvaarding van die keiser en Romeinse ryk se gesag na die onvoorwaardelike onderwerping aan die absolute mag van die keiser en Rome.

Dit is egter die laaste ding wat Paulus hier besig is om te verkondig!

Paulus kondig 'n nuwe posisie aan vir die keiser en Rome met die sinne: "die owerheid is 'n dienaar van God om jou beswil" 13: 4 wat Paulus weer in 13: 6 herhaal: "die owerhede is dienaars van God en hulle is besig om hul opdrag uit te voer." Dienaars tot die beswil van Christene!

Hulle is nie maghebbers namens God nie. Hulle is dienaars van Christus die Here.

Dink u vir een oomblik dat dit is hoe keiser Nero sy gesag om keiser te wees aanvaar en uitgeoefen het: "ek is 'n dienaar van Christus"? Die keiser was in die geloof en oortuiging van die Romeinse elite dienaar van niemand nie. Hy dien niks en niemand nie. Hy heers en oorheers na sy goeddunke en volgens sy hartstogte!

Meer nog, Nero en nie die Romeinse senaat het waarskynlik nie tydens die skryf van hierdie brief geweet dat daar iemand soos Jesus Christus bestaan nie. Dit is eers van jaar later dat Christene in Rome as die oorsaak van Nero se brand gebrandmerk was.

Nie Nero of enige Romeinse senaatslid het Jesus geken of erken as die God wat hulle aangestel het, met gesag bekleed en deur wie se beskikking hulle regeer het nie. Hulle het dit alles volgens hulle self met mag gevat en met mag laat geld.

4. Daarom is dit die allerlaaste ding wat Paulus doen om Christene op te roep om hulle aan die mag van Rome te onderwerp wanneer hy aankondig dat Christene die owerheid as dienaars van God moet aanvaar.

In hierdie oproep kondig Paulus vir Christene aan hoe Jesus Christus as Here aanvaar moet word, nie hoe Nero en Rome hulle self moet sien nie. Christene aanvaar die keiser as 'n dienaar van God en die Romeinse owerheid as deur God se beskikking aangestel.

Kan u hoor wat gebeur in hierdie aankondiging met die keiser en Rome? Denaar van Christus deur die beskikking van Christus! Dit is die diepste ontkenning van die mag van die keiser en die Romeinse Ryk. Nero is nie goddelik, absoluut in sy mag, verhewe en onaantasbaar in sy magsuitoefening nie. Rome is nie Rome deur die mag van Rome nie. Nero is keiser en Rome is owerheid deur die beskikking van Jesus Christus as Here.

In die geloofsbelydenis dat die keiser sy gesag van Christus ontvang, en Rome owerheid is deur die beskikking van Christus om Hom as Here te dien, word net een Here en God erken: Jesus Christus!

Die geloof in die aanstelling van die owerheid deur Christus is die diepste vorm van verwerping van die owerheid se eiemagtigheid en goddelikheid!

5. Wat ook vir ons klink na passivisme, dit is oorgawe aan die mag sonder enige weerstand, is dat Paulus die stelling maak dat die keiser en Rome die reg van die wet vir elkeen handhaaf. Dit is hoe mense hoor wanneer Paulus stel dat die owerheid gehoorsame mense beloon en kwaadwillige mense straf.

Want dit is net weereens nie waarmee die keiser en Rome mee besig was nie.

In die Romeinse Ryk moes jy Romeinse burgerskap hê om deur Rome beloon en beskerm te word. Romeinse burgerskap het beteken dat jy verbind is tot die welsyn van die Romeinse en keiserlik mag. Die res van die mense binne die Ryk wat nie hierdie spesiale burgerskap gehad het nie, is net gebruik en misbruik. Vir hulle het die beginsel van beloning vir gehoorsaamheid en straf vir kwaad nie getel nie.

Daarom moet ons in die teks iets anders hoor as 'n goedpraat van Nero en die senaatslede van Rome. Paulus wys hier op die kontrak waarvolgens hulle aangestel is en waarvolgens hulle hul diens moet lewer.

Wie het die keiser aangestel en Rome met gesag as owerheid bekleed om sy dienaars te wees? Dit is Christus! Volgens watter dienskontrak? Christus stel sy dienaars aan volgens sy wet, die Tien Gebooie! Die Tien Gebooie is die reëls van die dienskontrak om as owerheid deur Christus aangestel te word.

Dit is hoe Christus die dienskontrak laat werk: hulle word gemeet aan hoe hulle gehoorsaam aan God se wet beloon en hoe hulle ongehoorsaamheid aan God se wet straf. Daarom is Paulus weer hier besig om vir Christene te wys hoe Christus die owerheid as sy dienaar se kontrak om dienaar te wees laat werk.

6. Die derde aankondiging oor hoe Christus Here is, is dat die owerheid 'n dienaar van God is wat besig is om hulle opdrag van God uit te voer.

Dit is weereens nie 'n beskrywing van hoe Nero en senaatslede hul self gesien het en hoe hulle volgens hulle eie oortuiging opgetree het nie. Daar is geen manier waarop hulle hul gesag en posisie gesien het as 'n posisie om Christus se opdragte uit te voer nie.

Hulle was besig om opdragte te gee, nie uit te voer nie. Hulle was besig om hulle eie wil af te dwing op die hele gebied rondom die Middellandse see, nie om van ander opdragte te kry om uit te voer nie.

Daarom is Paulus weer in hierdie vers besig om te beskryf hoe Christus Here is, nie hoe die owerheid hulle self sien nie.

7. Seker die verwarrendste verklaring wat Paulus oor die keiser en Rome maak, is dat hulle dienaars van God is tot die beswil van Christene! Die Christene moes net 'n paar jaar later uit Jerusalem vlug toe Rome die stad verwoes het en aan die Joodse Christendom in effek 'n einde gemaak het.

Paulus wat hierdie verklaring hier maak word binne vyf jaar deur hierdie keiser en senaat onthoof vir sy geloof in Jesus Christus en Petrus as apostel word deur hulle gekruisig.

Daarom is hierdie verklaring oor die beswil van Christene weer nie die beskrywing van die bedoeling en motivering van die keiser en die senaat nie. Dit is weer eens 'n beskrywing van hoe Jesus Christus die Here van die kerk en wêreld is.

Christus gebruik die owerheid wat Hy aanstel altyd tot beswil van sy kerk.

8. Hoe kan Paulus hierdie verklarings maak oor die owerheid, verklarings wat volgens die ooglopende feite van die geskiedenis net nie waar is van die keiser en Rome nie?

Paulus maak hierdie verklarings oor hoe Christus Here van die wêreld is, uit sy kennis van hoe Christus Here van sy kerk is. Dit hoor u in die samevatting van die heerskappy van Christus aan die regterhand van God in Romeine 8 verse 31 tot 39.

Hoe regeer Christus as Here oor sy kerk? Dit sien ons in dit wat die Here met die sondes van sy kinders doen.

- Geen sonde wat sy kinders doen, kan maak dat die Here teen hulle draai nie. Hy is vir ons, al doen ons sonde. Hy draai nooit teen ons wanneer ons sonde doen nie.
- Hy spaar ons wanneer ons sonde doen, maar Hy spaar nie Homself nie. Hy gee Homself oor aan die oordeel wat Hy oor ons moes fel om ons te red van die oordeel wat ons sonde oor ons gebring het.
- Hy skenk ons sy liefde uit genade en nie omdat ons sy liefde verdien nie.
- Hy kla ons nie aan wanneer ons sonde doen nie, maar regverdig ons van die sondes wat ons doen deur self die aangeklaagde, gestrafte, vervloekte en verwerpte sondaar wat ons moes wees, in ons plek te wees.
- Hy is nie die regter wat ons voor Hom laat verskyn vir ons ondes nie. Hy is die Here wat ons voor Hom laat verskyn om ons as sy kinders te verheerlik.

9. Paulus som hierdie regering van Christus op deur te verklaar dat geen sonde wat ons doen, ons van God se liefde kan skei nie. God laat doodeenvoudig nie toe dat enige sonde wat ons doen ons van sy liefde kan skei nie.

God laat nie die kwaad wat ons oor onself deur ons sondes bring, toe om ons van sy liefde en die goedheid wat Hy aan ons wil bewys van ons vervreem nie. Dit is hierdie vaste kennis van hoe God liefhet en vir ons goed is, ten spyte van ons eie sonde, wat Paulus dan laat sien wat God met ander mense en instelling se sondes doen.

As God nie eers toelaat dat ons eie kwaad ons van sy liefde en goedheid vervreem nie, hoeveel meer is dit dan nie waar dat Hy nooit sal toelaat dat enige ander mens se kwaad teen ons, ons van sy liefde en goedheid sal vervreem nie.

Dit is hoe u dan die oorwinningsaankondiging in Romeine 8 vers 38 moet hoor: “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enige iets anders kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.”

As God dit kon regkry om self die oordeel, straf, offer en vervloeking van ons sonde te wees, om ons in sy liefde en goedheid te hou, hoeveel te meer sal God nie dit regkry nie, om ons binne die sondes en kwaad van ander mense vir sy liefde en goedheid te behou nie?

As God die kon regkry om ten spyte van ons eie sonde tot ons beswil God te wees, hoeveel te meer sal Hy dit nie regkry om ten spyte van ander se sonde en kwaadwilligheid nog steeds tot ons beswil God vir ons te wees nie?

10. Dit is uit hierdie kennis van hoe Christus ons deur die evangelie regeer, en so altyd al ons sondes tot ons beswil keer, dat Paulus die verklaring kan maak oor hoe Christus Here van die wêreld is.

Hy sal op dieselfde wyse waarop Hy, ten spyte van ons sonde, ons vir sy liefde behou, ons ook vir sy liefde behou deur die sondes van die keiser en die senaat!

Christus sal hulle tot ons beswil as u dienaars gebruik!

Hierdie geloof is geen geloof in die goedheid of goeie bedoelings van die keiser of die senaat nie. Dit is die geloof in hoe Christus wat hulle as sy dienaars aangestel het, hulle sal gebruik tot sy kinders se beswil.

Dit is ons geloof in hoe die Here ons deur genade heers, dat ons Hom vertrou as die Here wat die wêreld deur sy wet regeer.

11. Is ons geloof in die Here ontvlugting uit die werklikheid van die brutaliteit van menslike mag of die werklikheid van hoe Christus die wêreld regeer?

In die gemoed en geloof van Nero en sy senaat was daar net een werklikheid: die mag van Rome! Hulle brute mag is alles en laat alles gebeur soos dit gebeur en mense kan dit maar vir hulle self anders glo as hulle wil, maar dit is nie in werklikheid anders nie.

Wat is die werklikheid van die regte lewe? Is die wyse waarop Christus Here van die wêreld is die werklikheid van die regte wêreld ?

- Die owerheid se gesag om owerheid te wees, is 'n instelling van God wat God self met die gesag beklee om owerheid te wees;
- Die spesifieke regering van die dag wat die posisie van die owerheid beklee is daar deur die beskikking van God'.
- Die posisie van die owerheid is om 'n dienaar van God te wees tot beswil van die gemeenskap;

Ons sien en aanvaar die owerheid nie soos regerings hul self sien nie maar soos Christus Here is

- Die mag van die owerheid is om gehoorsaamheid aan die owerheid se geag te beloon met dienswerk en lone, en om kwaad te bestraf met die middele waarmee God die owerheid toerus.
- Die uitoefening van 'n regering van die gesag van die owerheid, is die uitvoer van die opdrag van God om te regeer;
- Daarom is aanvaarding van die gesag van die regering wat God beskik het as owerheid is 'n verordening van God aan gelowiges.

Of is die geloof in absolute mag van die keiser en senaat die werklikheid?

- Ons het ons eie mag geskep.
- Ons het mag gevat oor alles en almal
- Ons oorheers almal en is niemand se dienaar nie
- Ons beloon hulle wat ons mag aanvaar en straf hulle wat nie ons mag aanvaar nie
- Ons gee opdragte en aanvaar van niemand opdragte nie.

12. Laat Christus as Here owerhede se gesag werk volgens die dienskontrak waarop Hy hulle aanstel, die Tien Gebooie, of is hulle bemagtig om eiemagtig heerssugtig te wees?

Dit is die hoe u die opkoms en val van owerhede in hierdie wêreld moet ontdek – as gewoon net die werklikheid van hoe God wat hulle aangestel het, met gesag bekleed het en hulle as owerheid beskik het!

Die wêreld se gesag werk volgens die dienskontrak van die Here, Jesus Christus. Regering kom en gaan volgens hoe hulle sy dienskontrak uitvoer.

Watter regering het al ooit die owerheid geword deur die volgende met hul gemeenskap te doen en te belooft:

- Ons gaan alle respek vir gesag ondermyn en vernietig.
- Ons gaan moor na hartelus.
- Ons gaan egbreuk pleeg en egbreuk aanmoedig.
- Ons gaan julle beroof en besteel.
- Ons gaan julle lieg en bedreig.

Watter regering kon al ooit staande bly wat hierdie kontrak teenoor die onderdane van die regering oortree het.

Die Here laat owerhede werk volgens sy dienskontrak wat hulle as sy dienaars aanstel: daarom erken ons owerhede vir wie en wat hulle is volgens die wyse waarop Christus die Here is, nie vir wyse waarop hulle hul self sien of hul eie mag glo nie.

13. Hoekom sukkel ons so om die regering te aanvaar as dienaar van Christus tot ons beswil?

Wie van u sien ons huidige regering só: as dienaar van Christus tot ons beswil!

- Ons maak gewoonlik só: omdat hulle heidene is en die land heidens maak kan hulle onmoontlik 'n dienaar van Christus wees!
- Omdat hulle eiemagtig regeer kan hulle onmoontlik tot ons beswil die owerheid wees!
- Omdat hulle net hul ondersteuners bevoordeel en mense wat gehoorsaam aan God leef benadeel, kan ons nie meer hulle as owerheid erken wat deur die beskikking van God regeer nie.

Wat sou Paulus moes sê van Nero en Rome as hy soos ons gedink het? Wat maak dat ons anders dink en glo?

Dit is die wyse waarop ons God se liefde sien. Kom ons toets hoe die wyse waarop jy God se liefde sien, bepaal hoe jy die posisie en taak van die owerheid sien!

Wanneer jy glo dat God se vergifnis beteken dat God jou aan sy mag onderwerp en jy jouself aan God se mag moet oorgee, sal dit wesenlik jou geloof in die posisie van die owerheid bepaal.

Wanneer jy soos die afgodsdienste van vandag glo God se redding is om jouself aan die mag van God oor te gee:

- om jou lewe, jou hart, jou verstand aan God oor te gee as offer,
- sodat God met sy mag jou lewe en persoon só beset en verdring
- op so 'n wyse dat jy self niks is sodat God alles in jou en deur jou kan wees
- en jy glo hierdie magsoorname van jou deur God is niks anders as liefde nie,

dan moet jy mos glo dat God regerings met mag bekleed, nie met gesag nie, dat regerings aan God se mag onderworpe moet wees soos jy aan God onderworpe is voor dit regmatige owerhede kan wees wat jy as Christen kan aanvaar. Met hierdie geloof in God se mag moet jy mos glo in die goddelike mag van regerings en as hulle nie namens God regeer nie, hulle onwettige en onregmatige posisie as regering.

Daarom word die Christelike geloof vanuit hierdie geloof in God se mag niks anders as of 'n Christelike Isis nie. Owerhede moet die mag van Christus afdwing en waar hulle dit nie doen nie, is hulle nie wettige of regmatige owerhede nie en hoef Christene nie hulle gesag as gewetensaak aanvaar nie. Dan word gehoorsaamheid aan die regering net uit die dwang van hulle magtigheid.

14. Maar Christus het ons nie aan sy goddelike mag kom onderwerp nie. Hy het ons wat nie sy liefde verdien nie, deel gemaak en ingesluit in sy liefde as God en Here deur self die onmoontlike te doen: Hy het as God Homself nie gespaar om mens vir ons te word in ons sonde nie, sodat Hy ons van sy oordeel kan spaar.

Wie in Christus as Here glo van wie se liefde ons nooit geskei kan word nie, aanvaar die wyse waarop Christus Here van owerhede is. Hy stel hulle aan, beskik oor hulle en gebruik hulle tot sy kinders se beswil. Uit die geloof hoe Christus vir ons goed en lief is ten spyte van ons sonde, kom die geloofsbelydenis van Paulus in Romeine 8:28 “Ons weet dat God alles ten gode meewerk vir dié wat Hom liefhet, die wat volgens sy besluit geroep is.”

Omdat Christus só Here van ons lewe is, aanvaar ons ook hoe Hy Here van die owerhede is wat Hy in hierdie wêreld aanstel. Die wyse waarop ons owerheid sien en aanvaar is die wyse waarop ons Christus as Here van die wêreld aanvaar. Ons aanvaar nooit regerings soos hulle hul self in en deur hul eiemagtigheid sien nie.

Wanneer ons só die Here aanvaar as die Here wat die owerhede van hierdie wêreld tot ons beswil sal gebruik omdat hulle sy dienaar is, kan ons nie aanhou met hierdie uitsiglose, siniese en depressiewe opvatting dat ons uit gelewer is aan die magte van hierdie wêreld op sy wyse dat wat die Bybel oor die mag van die Here sê, niks met die werklikheid van hierdie wêreld te doen het nie.

Die werklikheid van hierdie wêreld is dat Christus alles gedoen met die kwaad wat ons deur ons eie sonde oor ons kan bring sodat Hy vir ons as Here goed en lief is. Daarom sal Hy as Here wat regering beskik om owerhede te wees ook tot ons beswil gebruik. Hulle is sy dienaars!

Ons gehoorsaam die owerheid as gewetensaak: hulle is dienaars in die hand van die Here wat ons hulle tot ons beswil sal gebruik Daarom aanvaar ons goddelose owerhede, heidense owerhede, se gesag as gesag wat god aan hulle verleen het en wat ons erken as wettige en regmatige gesag.

Ons erken regerings as owerhede omdat Christus ons Here hulle werkgewer is!